



IN HIERDIE UITGAWE

2. Ontmoet ons nuwe BD
3. Oorsig van wêreldwye krisis
4. Ekonomiese vooruitsig
6. Hoe u geld bestuur word in 2009

Nuwe Besturende Direkteur aan die hoof



Pieter Hugo, BD van Old Mutual Unit Trusts

Allereers wil ek sê watter voorreg dit vir my is om aan die hoof van Old Mutual Unit Trusts te staan, en hoe gelukkig ek is om so 'n uiters bekwame en doeltreffende span mense te hê.

2009 sal ongetwyfeld wêreldwyd vele uitdagings vir beleggers inhou. Soos altyd, is dit belangrik om verby die huidige markonsekerheid te kyk en seker te maak dat u reg belê om aan u toekomstige finansiële doelwitte te beantwoord – of u nou belê om 'n inkomste te kry of om langtermyn-kapitaalgroei te behaal.

Vir kapitaalgroei bo die inflasiekoers het u blootstelling aan die aandelemark nodig. Hoewel die FTSE/JSE Alle Aandele-indeks tans uiters onbestendig is, toon historiese tendense dat 'n belegging in kwaliteitaandele een van die sekerste maniere is om u kapitaal met verloop van tyd in reële terme (d.w.s. bo die inflasiekoers) te laat groei. Beleggers wat wag om in die mark te belê, moenie te lank wag nie... wanneer die markte herstel, gebeur dit gewoonlik vinnig.

Wat veral op die oomblik vir my sorgwekkend is, is beleggers met langer beleggingshorisonne (3+ jaar) wat in geldmarkfondse belê. Hierdie fondse is daarop gemik om kapitaal te beskerm en 'n bestendige inkomste te lewer – en danksy ons huidige hoë rentekoers-omgewing kry kliënte tans 'n fantastiese inkomste uit hul beleggings. Geldmarkfondse is egter nie ontwerp om inflasie oor die lang termyn te oortref nie, en die waarskynlikheid van nog rentekoersverlagings in 2009 plaas 'n verdere demper op hierdie fondse se vooruitsigte.

Dit is nodig dat inkomstebeleggers alternatiewe benaderings tot inkomsteskepping oorweeg. Ons het fondse wat op inkomsteskepping uit verskillende bronne – onder meer genoteerde eiendom – fokus, sonder om uitermatige risiko aan te gaan. Hierdie fondse bied ook kapitaalgroei om beskerming teen inflasie te verleen. U finansiële adviseur kan vir u meer inligting gee oor die **Old Mutual Enhanced Income Fund** en die **Old Mutual Real Income Fund**.

Ek gebruik graag hierdie geleentheid om vir u dankie te sê dat u Old Mutual in 2008 ondersteun het, en ek sien uit na 'n lonende beleggingsvennootskap met u in 2009. ■

Pieter Hugo is die nuwe Besturende Direkteur van Old Mutual Unit Trusts. In Oktober 2008 het hy die leisels oorgeneem by Anil Thakersee, wat nou 'n portefeuljebestuurder in Old Mutual Investment Group SA (OMIGSA) is.

Pieter is bekend binne Old Mutual. Hy is sedert 1998 by die maatskappy. Sy werkondervinding is hoofsaaklik beleggingsprodukontwikkeling. Voordat hy by Old Mutual Unit Trusts aangesluit het, was hy die Ontwikkelingsaktuaris van al Old Mutual se kleinhandelsbeleggingsprodukte (nie-institusionele produkte).

Tracy Hennessy, Redakteur



Verskillende marktoestande is geneig om verskillende beleggingstemas te stimuleer. Hoewel die afswaai in aandelemarkte die nuus oorheers, is die vernaamste tema in beleggingsdeskundiges se gedagtes die risiko om uit die aandelemark te wees (d.w.s. te lank in kontant te belê).


Die oorkoepelende tema van hierdie uitgawe is hoe belangrik dit is om seker te maak dat u beleggings inflasie oortref – en hoe aandele die grootste dryfveer van langtermyn groei bly. Peter Linley plaas die korttermyn-onbestendigheid van aandelemarkte in perspektief wanneer hy kyk hoe dikwels verskillende beleggings (reële) groei gelewer het wat inflasie klop. Lees gerus sy artikel op die oorkantse bladsy.

Ons nuwe BD, Pieter Hugo, bespreek die risiko's van geldmarkfondse. Om sy punt te beklemtoon, toon die grafiek hieronder hoe inkomste uit die Old Mutual Money Market Fund wissel na gelang rentekoerse styg of daal. Ons hoofekonoom, Rian le Roux, voorspel 'n rentekoersdaling in 2009 – sien sy artikel op bladsy 4.

Pieter verwys ook na twee inkomsteskeppende beleggings vir die meer konserwatiewe belegger. Vir beleggers met 'n groter risiko-aptit het ons 'n artikel oor dividendinkomste op bladsy 5.

Vir beleggers wat tans in die mark is, is Anil Thakersee se slotsom in sy artikel op bladsy 6: "As u reeds in die mark belê, moet u kop hou terwyl almal rondom u kop verloor."

Old Mutual Money Market Fund
van 31/08/98 tot 31/12/08



Finansieel Gesproke, Old Mutual Unit Trusts, Posbus 207, Kaapstad
8000 Dienssentrum: 0860 234 234; Faks: (021) 509 7100,
E-pos: unittrusts@oldmutual.com, Internet: www.omut.co.za

Die wêreldwye finansiële krisis – die ergste is afgeweer



Peter Linley, Hoof van Kernaandelebeleggings

Die impak van 2008 se wêreldwye finansiële krisis was veel erger as wat die meeste verwag het, en het kommer laat ontstaan dat dit moontlik tot 'n depressie sou lei. Hoewel ek natuurlik nie eerstehandse ervaring van die Groot Depressie het nie, is die uitwerking daarvan op ons ouers en grootouers se verbruikersgedrag nog dekades daarna gevoel.

Die huidige finansiële krisis is sekerlik die ergste sedert die Groot Depressie, maar anders as in 1929, het die vinnige en gekoördineerde pogings deur sentrale banke en regerings in Europa, die VK en die VS om likiditeit in die mark te pomp skynbaar 'n herhaling van daardie gebeurtenis afgeweer.

Albei krisisse is deur krediet en spekulatiewe batewindhandel aan die gang gesit. Die verskil destyds was egter die gebrek aan optrede deur die owerhede. In 1929 het die Amerikaanse sentrale bank nie likiditeit in die bankstelsel gepomp nie, maar eerder rentekoerse verhoog en toegelaat dat al die handelsbanke misluk het. Dit het gelei tot 'n geweldige welvaartverlies en die ondergang van sowat 5 000 banke (die Amerikaanse bankstelsel was redelik gefragmenteer).

Daarenteen het huidige sentrale banke rentekoerse verlaag en regerings het banke herkapitaliseer in 'n poging om vertroue in die finansiële sisteem te herstel. Die wêreldwye samewerking om verdere ekonomiese skade te beperk, het daartoe gelei dat heelwat minder (maar groter) banke bankrot gespeel het.

Hoewel die verlansaming wêreldwyd gevoel word, maak ontluikende markte (waarvan Suid-Afrika een is) vandag 'n baie groter persentasie van die wêrelddeksonomie uit. Hierdie markte sal steeds ekonomiese groei aanteken, al is dit teen laer vlakke as voor die krisis. Die grootste dryfveer hiervoor is binnelandse infrastruktuur- en

verbruikersbesteding. Hierbenewens het streng valutabeheer en regulatiewe raamwerke ontluikende markte se finansiële stelsels in 'n mate teen die wêreldwye inploffing beskerm.

Dit geld veral vir Suid-Afrika waar, alhoewel ons aandelemark in 2008 met 23% geval het, ons waarskynlik nie die inploffing sal hê wat in die VS ondervind is nie (die S&P 500 het in Amerikaanse dollarsterme met 37% geval). Ons banke bly finansiël gesond, en die kredietmark is nie aangetas nie. Dit is deels te danke aan ingrypings soos die Nasionale Kredietwet, wat verseker het dat nie-verdienselike verbruikers nie toegang tot krediet kon kry nie, en vroeë pogings om besteding deur die verhoging van rentekoerse te beperk.

Aandele: die ware Jakob

Hierdie skielike afswaai, tesame met die aantreklike opbrengste wat rentedraende sekuriteite tans bied, het meegebring dat baie beleggers die toevlug geneem het tot geldmarkfondse.

Hoewel rentedraende beleggings, soos effekte en kontant, 'n wonderlike veilige hawe kan bied wanneer aandelemarkte onstuimigheid ondervind, kan hulle 'n ernstiger langtermyn-impak op ons beleggings hê as dié van 'n ineenstorting van die aandelemark. Die rede is dat inflasie met verloop van tyd stil-stil die koopkrag van ons spaarfondse wegkalwer. Tensy ons proaktiewe stappe doen om minstens 'n deel van ons geld te belê in bates wat reële groei (d.w.s. groei bo inflasie) bied, sal ons slegter daaraan toe wees.

Historiese opbrengste toon dat aandelebeleggings oor die lang termyn baie minder onbestendig is as wat mense dink. Aandele se historiese reële opbrengste is ook hoër as dié van ander bateklasse. Ineenstortings van aandelemarkte was nog altyd relatief kort van duur, en die waarde van aandele het oor die lang termyn herstel.

Waarskynlikheid van inflasiekloppende opbrengste*

	5 jaar	10 jaar	15 jaar	20 jaar
FTSE/JSE Alle Aandele-indeks	87%	100%	100%	100%
FTSE/JSE Alle Effekte-indeks	59%	58%	56%	69%
SA Kontant	66%	65%	65%	71%

* Die syfers is oor deurlopende tydperke van 01/01/1970 tot 31/12/2008. Deurlopende opbrengste bereken prestasie vir elke vyf jaar-tydperk, as 'n voorbeeld, en beweeg elke keer een maand vorentoe. Hierdie berekening neem nie enige koste of belasting implikasies in ag nie.

Die tabel hierbo toon die persentasie kere dat verskillende tipes beleggings opbrengste bo inflasie gelewer het (deur die heersende inflasiekoerse op

Markvooruitsig vervolg op bladsy 4

Die wêreldwye finansiële krisis – Markvooruitsig (vervolg van bladsy 3)

daardie tydstop te gebruik). Oor enige vyfjaar-tydperk, byvoorbeeld, het die Alle Aandele-indeks 87% van die tyd inflasiekloppende opbrengste gelewer, terwyl inflasie oor tydperke van tien jaar en langer nooit die oorhand gekry het nie.

Wat hou 2009 in?

Hoewel die maatreëls wat deur die sentrale banke van die groot ontwikkelde ekonomieë ingestel is 'n volskaalse wêreldwye depressie sal voorkom, neem dit lank voordat die uitwerking van hierdie maatreëls gevoel word en sal dit nie 'n diep wêreldwye insinking, met baie negatiewe implikasies vir winste en indiensneming, gedurende die eerste helfte van 2009 verhoed nie. Verder vorentoe verwag ons dat toestande sal stabiliseer, met 'n matige ekonomiese herstel nader aan die einde van 2009.

Omskrywings

Depressie: 'n ernstige afswaai in die ekonomie oor 'n lang tydperk. **Resessie:** negatiewe ekonomiese groei (soos gemeet deur BBP) oor twee kwartale na mekaar. **Beermark:** 'n daalmark, waartydens aandelemarkpryse oor 'n lang tydperk afwaarts beweeg.

Na die skerp regstelling van plaaslike aandelepryse oor die afgelope ses maande, is dit duidelik dat aandele reeds 'n beduidende hoeveelheid slegte nuus verdiskonteer het. Onbestendigheid sal egter hoog bly namate beleggers beïnvloed word deur nuwe data wat swakker of sterker as die verwagting is. In die verlede het groot regstellings in aandelemarkte dikwels uitstekende koopgeleenthede opgelewer. Dis egter algemeen bekend hoe moeilik dit is om die onderste draaipunt van 'n mark te probeer voorspel.

Ek glo steeds, ná die regstelling wat ons reeds gesien het en terwyl die mark heelwat meer waarde bied, 'n verstandige benadering sal wees om op 'n gespreide grondslag in die plaaslike aandelemark te begin belê. Na my mening kan 'n mens nie hierdie bateklas as die hoeksteen van elke welvaartskeppende portefeulje ignoreer nie. ■

Die dalende rentekoerssiklus is op pad



Rian le Roux,
hoofekonoom van OMIGSA

Na 'n moeilike 2008 is 2009 gereed om in die vorm van dalende inflasie en rentekoerse welkome verligting vir verbruikers en beleggers te bring. Dit is grootliks te danke aan

die impak van dalende pryse en stadiger of selfs negatiewe ekonomiese groei regoor die wêreld, wat laer brandstof-, voedsel- en ander kommoditeitspryse vir Suid-Afrika beteken.


Hoewel verbruikersprysinflasie (VPIX) teen 12.1% op 'n jaar-tot-jaar-grondslag in November nog steeds ver bo die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) se teikenband van 3% tot 6% (jaar tot jaar) was, verwag ons dat inflasie in die komende maande verder skerp sal afkom. In Januarie 2009 verwag ons 'n skerp daling van 7% (jaar tot jaar), terwyl inflasie deur 'n dalende petrolprys, laer voedselinflasie, die tegniese "basiseffek" en die herbalansering en basisaanpassing van die inflasiemaatstaf afgebring word.

As gevolg van hierdie skerp afname in inflasiedruk, sal die plaaslike rentekoerse teen die einde van 2009 waarskynlik twee persentasiepunte laer as huidige vlakke (met prima op 13%) wees. Dit beteken die SARB behoort rentekoerse met minstens 'n halwe persentasiepunt te verlaag by elk van sy Monetêre Beleidskomitee-vergaderings in Februarie, April, Junie en Augustus vanjaar. Daar is selfs ruimte vir vinniger en/of groter koersverlagings, na gelang van hoe ernstig die wêreldwye resessie is en hoe lank dit duur.

Suid-Afrika sal egter nie die nuwe-effekte van die wêreldwye resessie kan vryspring nie, wat reeds die vraag na ons uitvoerprodukte verminder het en sleuteluitvoerpryse (hoofsaaklik kommoditeite) taamlik skerp laat daal het. Senuagtigheid onder beleggers plaas ook nog druk op die waarde van die rand, wat 'n sleutelrisiko vir inflasievoorsigte in 2009 bly.

Hoewel laer rentekoerse sal help om verbruikers se kooplus aan te wakker en bedryfskoste te verlaag, is die vooruitsig vir ons ekonomiese groei minder rooskleurig weens die donker prentjie wêreldwyd. Toenemende werkverliese, stadiger produksiegroei en lae korporatiewe verdienste sal hul tol eis en BBP-groei tot slegs sowat 1.5% vir die jaar laat afneem, teenoor die net meer as 3% in 2008. Een van die meer positiewe faktore wat groei sal stimuleer, is sterk staatsbeleggingsbesteding, terwyl die infrastruktuurfokus onveranderd bly. Groot risiko's vir ons voorspellings bly 'n swakker rand, 'n weerstandig groot tekort op die lopende rekening en die moontlikheid van verdere wêreldwye sistemiese skokke. ■

Koersverlagingsiklus het begin Tempo & omvang deur makro-ontwikkelinge bepaal




Dividende: Die grondslag van 'n beleggingsportefeulje

In tye van uiterste markonbestendigheid is baie beleggers geneig om slegs op die wisselvallige bewegings van aandeelpryse te fokus – en die belangrike rol van dividende in 'n portefeulje oor die hoof te sien. In teenstelling met aandeelpryse, word dividendbetalings deur die maatskappy se winsgewendheid en nie deur marksentiment beïnvloed nie.

Dividende lewer 'n heelwat groter bydrae tot portefeuljeprestasie as wat baie beleggers besef. Oor die laaste 40 jaar het dividende, en die groei in dividende, geblyk 'n kragtige dryfveer vir die FTSE/JSE Alle Aandeelindeks se totale opbrengs te wees.

Dividende is 'n kragtige dryfveer vir prestasie Belegging van R100 wat in 1968 aangegaan is




'n Teken van 'n gesonde finansiële posisie

Die betaling van 'n dividend wat mettertyd groei, is 'n teken van 'n goed bestuurde, finansiële gesonde maatskappy. Hoewel daar maniere is waarop maatskappye hul rekeninge kan manipuleer en winste kunstmatig kan verhoog, kan hulle nie kontant prakseer nie. Die kans is skraler dat 'n maatskappy wat fisies geld aan beleggers betaal, "die boeke vervals" het.

Maatskappye wat dividende kan betaal, is geneig om lae skuldvlakke te hê, met surplus-kontant wat beskikbaar is om 'n dividend aan hul aandeelhouers te betaal en vir verdere groei te herbelê. Daarom is hulle aantreklik wat langtermyn-inkomste en prestasiepotensiaal betref. Hierdie maatskappye is gewoonlik ook besonder traag om hul dividende te verlaag – selfs as hul verdienste onder druk kom – omdat hulle weet dat dit hul aandeelprys ernstig kan beïnvloed.

'n Goeie voorbeeld hiervan is Standard Bank. Die grafiek hierna toon dat, hoewel sy aandeelprys soos dié van die meeste ander genoteerde finansiële maatskappye sedert Mei 2007 onder druk verkeer, die maatskappy steeds 'n sterk, groeiende dividend betaal.

Standard Bank se aandeelprys en dividendbetalings Desember 1989 tot Desember 2008



'n Bron van likiditeit

Dividende is ook 'n waardevolle bron van likiditeit vir beleggers. 'n Beermark (daalmark) is gewoonlik die uitvloeisel van 'n aantal faktore – insluitend stygende inflasie en rentekoerse. Dit plaas bestebare inkomste onder druk en kan beleggers dwing om hul beleggings te verkoop wanneer pryse laag is. Om 'n dividendinkomste te kry, kan die verskil beteken tussen verkoop in 'n swak mark en die vermoë om die onbestendigheid te trotseer.

'n Toeganklike portefeulje

In die besef watter voordele 'n portefeulje met hoë-opbrengs-aandele inhou, het ons die Old Mutual High Yield Opportunity Fund in November 1998 bekend gestel. Hierdie gewilde fonds se doel is om uit die belastingvoordele en groeikenmerke van dividende as 'n inkomstestroom munt te slaan. Hierdie doel word nagestreef deur te belê in maatskappye met hoë dividendopbrengste en goeie vooruitsigte vir groei oor die medium termyn. Die fondsmaatstaf is om vir u 'n dividendopbrengs van 1.5 keer dié van die FTSE/JSE Alle Aandeelindeks te gee.

Hierdie fonds het goed presteer, ondanks die markonbestendigheid van onlangs. Neem byvoorbeeld 'n belegging van R100 000 wat tydens die bekendstelling van die Old Mutual High Yield Opportunity Fund aangegaan is: In 2008 het die mark met meer as 20% geval, maar hierdie belegging het 'n belastingvrye inkomste van R25 326,48 vir die jaar (1 Januarie 2008 tot 31 Desember 2008) betaal.

'n Goed gestruktureerde portefeulje met dividendbetalende aandele is geneig om selfs in daalmarkte goed te vaar. ■

Bron: Morningstar.

Die beleggingsprestasie is bloot ter illustrasie. Dit word bereken deur die werklike aanvangsfooie en alle deurlopende fooie in ag te neem vir die bedrag wat aangedui is. Inkomste word op die herbeleggingsdatum herbelê, tensy ander vermeld. Vorige prestasie is nie noodwendig 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie.

Ná die ineenstorting... hoe ons u geld bestuur



Anil Thakersee, Portefeuljebestuurder, Makrostrategie-beleggings

Die ineenstorting in 2008 was die ergste in baie dekades – en die eerste in 'n werklik geglobaliseerde wêreld, waar markte regoor die wêreld, en feitlik alle bateklasse, ernstig deur die krisis geraak is.

Die Makrostrategie-beleggingspan het al 'n geruime tyd ver wag dat markte matiger opbrengste sal lewer. Dit het ons laat besluit om ons blootstelling aan aandele vroeg in 2008 te verlaag. Ons het ons kontantbesit tot rekordhoë vlakke opgestoot in afwagting van groter onbestendigheid. Ons het egter beslis nie die volkskaalse markineenstorting ver wag wat in die tweede helfte van 2008 gebeur het nie, en agterna beskou, moes ons nog meer in kontant belê het.

Aan die positiewe kant bied die markchaos egter geleenthede om waarde te kry. Ons het in die vierde kwartaal 'n deel van ons kontantbesit begin gebruik om uitgesoekte aandele teen baie aantreklike vlakke te koop.

Die grondslag van ons beleggingsfilosofie

Ons bestuur u geld op grond van sekere kernbeginsels, wat die volgende insluit:


- Ons belangrikste taak is om ons kliënte se spaargeld in REËLE terme te laat groei. Dit beteken om oor die lang termyn opbrengste bo inflasie te lewer. Om dit te kan doen, is dit belangrik dat ons u spaarfondse in kwaliteitaandele belê, aangesien aandele steeds die grootste dryfkrag is vir opbrengste wat inflasie oor die lang termyn klop. Hoeveel u in aandele behoort te belê, hang van u ouderdom en finansiële behoeftes af.
- Belegging is 'n LANGTERMYN-verbintenis. Oor die lang termyn word die markskommeling uitgestryk, en neem die risiko om geld te verloor af. Die grafiek toon dat die gemiddelde opbrengs van die Alle Aandele-indeks, oor alle eenjaar-prestasietydperke sedert 1960, 21% p.j. was (met 'n hoogtepunt van

Old Mutual se Makrostrategie-beleggings

bestuur die multibateklas-oplossingsfondse: Old Mutual Real Income Fund, Old Mutual Stable Growth Fund, Old Mutual Balanced Fund en Old Mutual Flexible Fund, asook die Optimum-reeks (lewens)fondse.

Multibateklasfondse is oor die verskillende bateklasse soos kontant, effekte, eiendom en aandele in plaaslike en buitelandse markte gediversifiseer. Ons reeks fondse voldoen aan verskillende risikoprofile – van jonger beleggers wat hoë groei wil hê, tot afgetrede beleggers wat inkomste en kapitaalstabiliteit verlang.

Beleggingsrisiko neem mettertyd af Spektrum van opbrengste op die FTSE/JSE Alle Aandele-indeks



126% en 'n laagtepunt van -48%). Kyk net hoe dramaties hierdie verskil tussen die hoogste en laagste opbrengs afneem wanneer die beleggingstermyn net tot vyf jaar verleng word.

Hoewel ons beleggers aanmoedig om 'n lang termynsiening te handhaaf, monitor ons as aktiewe batebestuurders deurgaans markontwikkelinge namens ons beleggers, om voordeel te trek uit bewegings oor die korter termyn.


- Die fondse wat ons bestuur, bied inherente DIVERSIFIKASIE oor die verskillende bateklasse. Diversifikasie verseker dat u nie te veel geld op een kaart plaas nie, en dit is veral tydens aandeelmarkte belangrik om 'n gediversifiseerde portefeulje te hê. Die resultaat is 'n laer algehele risikvlak, terwyl u nog steeds blootstelling het aan opbrengste wat moontlik inflasie kan klop. Dit is uiters belangrik vir persone wat afgetree is.

Waarheen nou?

Vir beleggers wat op die kantlyn sit en in kontant belê, wil ons aanbeveel dat u hierdie geleentheid te baat neem om blootstelling aan groeibates te kry, aangesien die vyfjaar-vooruitsigte (sien tabel op volgende bladsy) vanaf huidige vlakke aantreklik lyk en kontantopbrengste gedurende 2009 sal daal.

As u reeds in die mark belê, moet u kop hou terwyl almal rondom u kop verloor. Ek sluit 'n kragtige illustrasie in van wat met R100 000 sou gebeur het indien dit op die verkeerde tydstep uit aandele onttrek en in kontant belê is. Soos ek vroeër gesê het: belegging is 'n langtermyn-verbintenis.

Die risiko om op die verkeerde tyd te verkoop



In die lig van huidige marktoestande het ons ons vyf-jaar-voorspellings hersien. Die tabel hiernaas gee 'n kort opsomming van reële opbrengste (na inflasie) wat ons vorentoe van die verskillende bateklasse verwag. Wat belangrik is, is dat hierdie langtermynvoorspellings ons batetoewysingstrategieë bepaal vir die fondse wat ons bestuur. ■

Beleggingsvooruitsig in kort trekke

Bateklas	5-jaar Reële Opbrengs	Sien-ing	Kommentaar
SA		N+	Rand het beduidend verswak.
Aandele	8.0%	N+	Goeie reële opbrengs oor lang termyn. Bekommerd oor reële verdienstegroei.
Eiendom	8.0%	+	Hoë opbrengs van 8% met groei, maar sikliese vrees. Hoë toetrebelemmerings = elektrisiteit & boukoste.
Effekte	2.5%	-	Lyk interessant in die volgende jaar, maar inflasie wek kommer oor die langer termyn.
Kontant	3.5%	+	Aantreklik oor die kort termyn, maar koerse sal val - risiko van herbelegging teen laer koers.
Buite-land		N-	Minder aantreklik na skerp randverswakking.
Aandele	8.0%	+	Goedkoper as in die verlede, maar negatiewe verdienstemomentum.
Effekte	2.0%	-	Geen inflasierisiko oor kort termyn nie, maar lae nominale opbrengste.
Kontant	0.0%	N	Afgegradeer terwyl koerse skerp geval het.

N = Neutrale siening + = Positiewe siening - = Negatiewe siening

Dankie en baie geluk

Ons sê graag dankie aan al ons kliënte wat hul besonderhede bygewerk het na aanleiding van ons versoek toe die Julie-state uitgestuur is. Deur tyd af te staan om dit te doen, het u gehelp om vinniger diens in die toekoms te verseker.

Baie geluk aan die vyf weners van ons gelukstrekking. Elke wenner het onderaandele ter waarde van R5 000 ontvang waarmee hul effektrustportefeulje by Old Mutual Unit Trusts aangevul is!

1. Mnr GW Peiser, Kaapstad
2. Mev RB Nandkoomar, Newcastle
3. Mnr A Tsotetsi, Witbank
4. Mnr PM Pretorius, Kaapstad
5. Mnr AJ Bidgood, Durban

Nuwe aandeel lewer buitelandse inkomste

Laat in verlede jaar het Remgro Ltd en Richemont SA British American Tobacco ontbondel. Dit het beteken dat ons effektrustfondse met Remgro- of Richemont-aandele afsonderlike aandele van British American Tobacco (BTI) ontvang het. Aangesien die grootste deel van BTI se verdienste egter van buite Suid-Afrika afkomstig is, word dit as 'n "inwaarts genoteerde" aandeel beskou. Volgens die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) se Valutabeheerregulasies word 'n inwaarts genoteerde aandeel as 'n internasionale bate beskou. Fondse wat slegs binnelandse aandele in hul portefeulje mag hou, het twee jaar lank vrystelling gekry om die portefeuljebestuurder in staat te stel om die aandeel te verkoop op 'n tydstep wat as gunstig vir die fonds beskou word. Intussen sal hierdie aandeel as 'n buitelandse aandeel gerapporteer word en sy verdienste sal as buitelandse inkomste op u belastingstate weerspieël word. Die volgende binnelandse effektrustfondse kan dus 'n buitelandse aandeelhouding in hul portefeulje weerspieël:

- | | |
|-------------------------------|-------------------------------|
| Old Mutual Value Fund | Old Mutual Growth Fund |
| Old Mutual Top Companies Fund | Old Mutual Industrial Fund |
| Old Mutual Real Income Fund | Old Mutual Umbono Top 40 Fund |

A Member of the **OLD MUTUAL** Investment Group

Futuregrowth nou deel van OM-stal

Laat in 2008 het Old Mutual Investment Group SA (OMIGSA) 'n meerderheidsbelang in Futuregrowth gekoop. Hierdie goed gevestigde finansiële diensmaatskappy het 'n sterk geskiedenis van beleggingsprestasie en is bekend vir sy besondere handelsmerk van maatskaplik verantwoordelike en spesialis-vasterentebeleggings.

Hoewel Futuregrowth 'n aantal beleggingsportefeuljes besit en bestuur, is daar besluit om hul effektrustfondse te skuif en onder Old Mutual Unit Trusts se kollektiewe beleggingskema-lisensie te bemark. Dit sal kliëntediens moontlik maak en behoort ouditeurs- en trusteefooie te verminder, wat moontlik die totale onkosteverhoudings van sekere fondse kan verlaag.

In nog 'n stap om koste en verwarring te verminder, beoog ons om sekere effektrusts van Futuregrowth met soortgelyke fondse van Old Mutual Unit Trusts saam te smelt. Ons sal later vanjaar 'n brief stuur aan diegene van u wat in enige van die betrokke fondse belê is. Die brief sal die voorgestelde veranderinge in besonderhede uiteensit en versoek dat u vir of teen die samesmelting van die fondse stem. As u enige vrae hieroor het, skakel gerus ons Dienssentrum by 0860 234 234. ■

'n Veilige manier om u welvaart uit te brei

Ons het onlangs 'n nuwe fonds bekend gestel wat die veiligheid van kapitaalbeskerming asook 'n matige vlak van belastingdoeltreffende groei bied. Die **Old Mutual Capital Builder Fund** pogg om:

- 'n betroubare opbrengs van kontant + 3% per jaar oor deurlopende driejaar-tydperke te lewer driejaar-tydperke
- kapitaal te bewaar deur die moontlikheid van 'n verlies oor elke belastingkwartaal (in enige marktoestande) te beperk.

Die fonds kan in die meeste bateklasse belê, insluitend kontant, vaste inkomste, genoteerde eiendom en aandele. Die aandelebesit van die fonds (tussen 65% en 75% van die portefeulje) word hoofsaaklik in keuraandele van die FTSE/JSE Top 40 Indeks belê. Die risiko van aandelebeleggings word verminder deur afgeleide instrumente te gebruik – dit verlaag die fonds se aandelemarkblootstelling tot tussen 0% en 40%.

'n Groot voordeel van hierdie fonds is dat dit kapitaalbeskerming bied sonder die belastingimplikasies wat gewoonlik met rentedraende beleggings gepaardgaan. Opbrengste word hoofsaaklik uit kapitaalwinst en dividende verkry, wat meer belastingdoeltreffend as rentedraende bates is vir beleggers wat hul belastingvrystellings gebruik het.

Die fonds is gemik op beleggers wat op soek is na belastingdoeltreffende opbrengste bo dié van kontant gedurende die meeste marksiklusse. Om meer oor **Old Mutual Capital Builder Fund** te wete te kom, gesels met u makelaar of u Old Mutual finansiële adviseur, of skakel 0860 234 234. ■

Old Mutual Gilt Fund se naam verander

Die Old Mutual Gilt Fund se naam verander na **Old Mutual Bond Fund**. 'n Prima effek ("gilt") is 'n effek ("bond") wat deur staats- of semistaatsinstellings uitgereik word. Die Old Mutual Gilt Fund besit beide prima effekte en effekte, en daarom is daar besluit om die naam van die fonds na Old Mutual Bond Fund te verander, aangesien dit die beleggingstrategie van die fonds beter weerspieël. Dit is ook die beskrywing wat vir die fonds se klassifikasiekategorie volgens die Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI) gebruik word: **Binnelands – Vaste Rente – Effekte**. ■

Fonds	TOV# (%)	Fonds Prestasie % p.j.				Risiko-gradering
		1 jaar	3 jaar	5 jaar		
Balanced Fund R	1.30	-14.5	8.3	16.1	3	
Dynamic Floor Fund A	1.05	0.6	6.2	11.9	3	
Enhanced Income Fund A	1.14	11.9	9.7	-	2	
Financial Services Fund R	1.15	-20.2	4.6	19.0	5	
Flexible Fund R	1.38	-19.1	7.8	17.3	4	
Four Plus Capital FoF A	2.43	2.6	5.8	9.3	3	
Four Plus Global FoF A	2.45	-17.7	2.4	8.8	4	
Four Plus Growth FoF A	2.07	-12.2	6.0	14.2	3	
Four Plus Secure FoF A	2.04	11.8	8.2	7.6	2	
Gilt Fund R	0.87	17.5	8.6	10.4	3	
Global Bond Feeder Fund A	1.70	21.0	14.7	8.3	2	
Global Equity Fund A	2.09	-24.1	1.7	5.6	4	
Global Technology Fund A	2.54	-27.6	-1.9	-0.7	5	
Gold Fund R	1.16	-10.6	3.8	6.2	5	
Growth Fund R	1.15	-22.7	8.1	19.9	4	
High Yield Opportunity Fund A	1.42	-26.9	2.6	16.9	4	
Income Fund R	0.86	14.5	9.6	9.4	1	
Industrial Fund A	1.41	-18.4	7.6	20.2	5	
International Growth FoF A	2.87	-14.1	3.9	5.2	4	
Investors' Fund R	1.14	-20.8	7.3	18.7	4	
Mining & Resources Fund R	1.15	-25.1	16.7	23.8	5	
Money Market Fund A	0.58	12.1	9.5	8.6	1	
Real Income A	1.39	4.2	-	-	2	
SA Quoted Property Fund A	1.43	-6.7	13.0	23.6	4	
Small Companies Fund R	1.15	-37.1	4.0	19.2	5	
Stable Growth Fund A	1.17	-0.6	-	-	2	
SYmmETRY Balanced FoF A	-	-4.6	9.7	16.5	3	
SYmmETRY Defensive FoF A	-	-1.8	8.4	13.9	2	
SYmmETRY Equity FoF A	1.50	-23.7	5.8	16.4	4	
SYmmETRY Fixed Interest FoF A	1.19	11.7	9.0	9.2	2	
Top Companies Fund R	1.15	-23.1	6.1	17.7	5	
UK Money Market Feeder Fund A	0.56	4.8	11.9	6.4	1	
Umbono RAFI® 40 Tracker Fund A	0.91	-20.7	-	-	4	
Umbono Top 40 Fund A	0.73	-24.5	7.3	17.0	4	
Value Fund R	1.15	-26.7	4.7	17.8	4	
Suid-Afrika VPI		10.9	8.5	6.5		

Alle syfers in die publikasie is uit die volgende bron verkry (tensy anders vermeld): Morningstar. Enkelbedragbeleggings tot einde Desember 2008, uitkerings is herbelê en NBW-NBW-pryse is gebruik (d.w.s. aanvangskoste is uitgesluit). Inkomste word op die ex dividend-datum herbelê. Werklike beleggingsprestasie sal verskil, gebaseer op die aanvangsfoote wat van toepassing is, die werklike beleggingsdatum en die datum waarop inkomste herbelê word. Vorige prestasie is nie noodwendig 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Old Mutual Unit Trusts is deur die JSE Sekuriteitebeurs SA gelisensieer om die naam FTSE/JSE Top 40 Indeks te gebruik. *TOV's (totale onkosteverhoudings) is soos op 31 Desember 2008. Skakel ons Dienssentrum by 0860 234 234 om kopieë van die bygewerkte feiteblaaie te kry, of besoek www.omut.co.za en klik op "Fund Information & Prices" en kies "Fees & Charges". Risikograderings neem nie die impak van valutaskommelinge in ag nie.

© Old Mutual Unit Trusts Januarie 2009. Finansiële Gespreke is 'n nuusbrieff wat as 'n diens aan Old Mutual Unit Trusts se beleggers uitgegee word. Hoewel dit met redelike sorg saamgestel is, aanvaar Old Mutual Unit Trusts geen aanspreeklikheid vir enige verlies of skade wat gely, of onkoste wat aangegaan kan word as gevolg van inligting wat in hierdie publikasie vervat is nie. Geen stelling in hierdie nuusbrieff moet beskou word as 'n aanbeveling om 'n spesifieke fonds of produk te koop of te verkoop nie. Ons stel voor dat u ons of u finansiële adviseur kontak voordat u enige besluite neem wat op hierdie inligting gegrond is. Indien u bykomende eksemplare van hierdie nuusbrieff wil ontvang, skakel asseblief ons Dienssentrum (0860 234 234). This publication is also available in English as Financially Talking. Effektrusts is gewoonlik medium- tot langtermynbeleggings. Vorige prestasie is nie 'n aanduiding van toekomstige groei nie. Skommelinge kan oor die korter termyn voorkom, terwyl u belegging in ooreenstemming met die markte beweeg. Wisselkoersbewegings of -skommelinge kan mebring dat die waarde van onderliggende internasionale beleggings styg of daal. Effektrusts kan by leen en die uitleen van skrip betrokke wees. Die fonds se TOV weerspieël die persentasie van die gemiddelde Netto Batewaarde van die portefeulje wat as koste, heffings en foote met betrekking tot die bestuur van die portefeulje aangegaan is. 'n Hoër TOV impliseer nie noodwendig 'n swak opbrengs nie, en 'n lae TOV impliseer ook nie 'n goeie opbrengs nie. Die huidige TOV kan nie as 'n aanduiding van toekomstige TOV's beskou word nie. 'n Lys van foote, koste en maksimum kommissie is by die maatskappy verkrygbaar. U kan u belegging maklik verkoop teen die heersende prys van die dag (soos bereken om 15:00 op 'n vooruitprysingsgrondslag en 17:00 teen die maandeinde vir Old Mutual Umbono RAFI® 40 Tracker Fund en Old Mutual Umbono Top 40 Fund). Die Old Mutual Money Market Fund se onderaandeelprys pogg om staties te wees, maar beleggingskapitaal word nie gewaarborg nie. Die totale opbrengs bestaan hoofsaaklik uit rente (wat daaglik om 13:00 verklaar word), maar kan ook enige wins/verlies op 'n bepaalde instrument insluit. In die meeste gevalle sal dit bloot die daaglikse opbrengs verhoog of verlaag, maar in uiterste gevalle kan dit die kapitaalwaarde van die fonds verminder. Spesialisaandelefondse kan 'n groter risiko inhou, aangesien blootstellingsperke ten opsigte van 'n enkele sekuriteit hoër kan wees. 'n Voederfonds is 'n portefeulje wat, afgesien van bates in likiede vorm, uitsluitlik uit deelnemende belange in 'n enkele portefeulje van 'n kollektiewe beleggingskema bestaan. 'n Fonds van fondse-effektrust belê slegs in ander kollektiewe beleggingskemas, wat hul eie koste kan vra. Sekere fondse kan tydelik vir nuwe besigheid gesluit word om ooreenkomstig hul mandaat bestuur te word. Hierdie portefeuljes bevat verskillende onderaandeelklasse, wat aan verskillende foote en koste onderhewig is. Old Mutual is 'n lid van die Vereniging vir Spaar en Belegging SA.